# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 13 FEBRUARIE 2022

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (1)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (8)

Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Ackerman

**Romeine 14:7-9 & Deuteronomium 6:4-9**
*Ons behoort aan God – maar hoe onthou ons dit?*

**'n Fokusgeleentheid** vir besige families wat by Sondag se oggenddienste aansluit. Doen as gesin een aand die week die volgende:

- Steek 'n **kers** aan en sê dankie dat die Here by julle is en vir julle sorg.
- Elkeen **deel**: Wat was die hoogte en laagtepunte van jou dag?

**Lees** die Bybelgedeelte.

- **Wat** is jou enigste troos in lewe en dood? *(Dat jy aan Jesus behoort).*
- **Hoe** help julle as gesin mekaar om te onthou?
- **Watter** simbole kan julle hierdie week in julle huis plaas/identifiseer wat jou help onthou?
- **Bid** vir mekaar en eindig hardop saam: ***"Ons behoort aan God."***

## DOOP VANDAG

Die volgende babas word in die oggenddiens om 09:00 gedoop:

- Wian en Hermine Marais, laat doop vir Gerrit Jacobus Marais.
- Dirk en Natalee Swart, laat doop vir Amelia June Swart.
- Ruan en Anja van Niekerk, laat doop vir Ruan Petrus van Niekerk.

## MANNEBRAAI EN LOFRPYSINGSAAND

Die mannebediening nooi alle mans in die gemeente en ook diegene buite die gemeentegrense na die mannebraai en lofprysingsaand op Vrydag 18 Februarie om 18:00 in die markplein en die kerk. Koste slegs R50 per persoon. Jy hoef niks saam te bring nie.
Bespreek jou plek voor 16 Feb. by lindy@stellenberg.co.za, of stuur 'n WhatsApp na ds. Why Duvenhage by 082 570 5931.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

## BASAAR 4 MAART OM 15:00

Ons gaan weer soos van ouds basaar hou. Help asb. met die volgende:

- **Gebak**. Tuisgebak of gekoop: koek, beskuit, tert, kleinkoekies, ens. Gee bydraes asb. op die basaardag by die offertafel af.
- **Bestanddele.** Skenkings van bestanddele help ons om die basaarkos teen laer pryse ekstra lekker te maak. Die volgende kan by die kerkkantoor afgegee word: meel, suiker, boksies vla, kaas, rys en eiers.
- **Tjoppies op die vuur.** Maak asb. 'n donasie vir die aankoop van lamsvleis. Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik *basaar* as verwysing.
- **Poeding**. Het jy 'n klitser, 'n mengbak, 'n oond en 'n yskas – dan kan jy help met die maak van gebakte of jelliepoedings vir die basaar. Laat weet vir Karen by 082 827 9389 waarmee jy kan help.
- **Kinders is belangrik.** Kan jy help om toesig te hou met die aanbied van kinderspeletjies? Kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za.
- **Witolifante.** Stuur al die witolifante wat in jou huis rondstaan na die witolifanttafel. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## DS. HANNO ACKERMAN GEE KENNIS

Ds. Hanno Ackerman het 'n nuwe geleentheid ontvang en rig die volgende boodskap aan lidmate en kerkraadslede:

"Ek wil dankie sê vir die ondersteuning en die pad wat ek saam met julle by Stellenberg-gemeente kon stap. Ek het in Maart 2020 my MBA voltooi en is dankbaar vir die ondersteuning wat ek in dié verband van die kerkraad en kollegas ontvang het. Ek is opgewonde en ook hartseer om bekend te maak dat ek 'n korporatiewe pos by 'n internasionale maatskappy in Amsterdam, Nederland, aanvaar het en sal op 2 Maart my diens by Stellenberg beëindig."

**NB:** Ds. Ackerman se afskeid is op Sondag 27 Februarie om 18:00 in die kerk. 'n Preadvieskomitee is deur die kerkraad aangestel wat die beroeping van 'n nuwe leraar sal bestuur.

### ANNIBRAND JUNIOR

Elke Sondagoggend vanaf 09:45 tot 10:30 in die kleinsaal.

### ANNIBRAND SENIOR

Elke Sondag om 18:00 in die kerk.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## 'N WEEK VAN GEBED 13 TOT 16 MAART

- Sondag 13 Maart om 19:00 in kerk: 'n Simfonie van gebed met sang en gebede saam met Raymondo en Johannes van Staden-Slabbert.
- 14-16 Maart om 19:00 in die kerk: Dr. Andries Cilliers bied die week van gebed aan.

## BYBELSKOOL | EERSTE KWARTAAL

Die Bybelboek Romeine word as die hoogtepunt van Paulus se bediening beskou. Kom verken saam met ons hoe die boodskap in Romeine – van God se genade – opnuut vir jou lewe in 2022 oopgebreek kan word. Die kursus word op Maandagaande vanaf 21 Februarie tot 14 Maart om 19:00 in die kerkgebou deur ds. Marius Breytenbach aangebied. Koste: R30 vir die handleiding. Besprekings by anneke@stellenberg.co.za/021 976 4519. Die kursus sal ook aanlyn op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees.

## GROEI IN GEBED EN 'N REFLEKTIEWE LEWE

INDEO bied 'n aanlyn program oor ses maande aan rakende die ontwikkeling van gelowiges se gebeds- en reflektiewe lewe. Die kursus begin op Woensdagaand 23 Feb. vanaf 19:30 tot 21:00 (uitgesluit skoolvakansies). Lees meer oor INDEO, hulle waardes en doelstellings, asook oor die kursus self op www.indeo.co.za. Koste: R1700. Inskrywings by Nada Oosthuizen, nada@indeo.co.za | 079 529 3589.

## LEES DIE BULLETIN OP

Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp boodskap met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 17 Feb. om 14:30

Jeremia 20: Jeremia se kop in/op die blok . . .

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue elke Maandagoggend om 10:00, verskuif na die ou kafeteria area. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 7 Maart om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## BYBELSTUDIE VIR HUISWERKERS

Ons nooi huiswerkers wat in die omgewing woon om by die Bybelstudiegroep in te skakel. Die groep word elke tweede Donderdagaand van 18:30 tot 20:00 in die markplein aangebied. Nuwe lede is baie welkom. Kontak asb. vir Anéne Nortier vir meer inligting by 083 581 6930.


## VATVYF-VRUGTEFEES

Alle lidmate bo 60 jaar word uitgenooi om by die VatVyf-groep se vrugtefees op Woensdag 16 Februarie om 10:00 in die markplein aan te sluit. Bespreek jou plek vir die gesellige saamkuier by Anneke 021 976 4519 voor Maandag 14 Februarie. Toegang is gratis.

## NUWE LIDMATE

Meld asb. na die diens by die leraar wat gepreek het aan, of stuur jou besonderhede aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519. Ons wil jou baie graag persoonlik verwelkom.

## TIENDEMAANDINSAMELING DUUR TOT 28 FEB




### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

**GEMEENTE-SELFOON**

Die gemeente se selfoonnommer is

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

**FIKSHEIDSKLASSE IN DIE GROOTSAAL**

Louise Wolfaardt wat die fiksheidklasse die afgelope 20 jaar in grootsaal aangebied het, tree uit en bied haar toerusting te koop aan. Belangstellendes kan haar by

084 208 6322

kontak.